VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

# Woordsoorte

## Telwoord

Telwoorde dui 'n kwantiteit, 'n plek in 'n reeks of 'n gedeelte van 'n geheel van iets aan.

*vyftig, min, sesde, kwart*

## Voornaamwoord

Voornaamwoorde word tipies gebruik in die plek van 'n sinsdeel waarin 'n naamwoord die belangrikste woord is. Hierdie sinsdeel kan uit 'n enkele naamwoord bestaan of uit 'n naamwoord en ander woorde (bv. *'n, vyf* of *mooi*) wat rondom die naamwoord gebou is. Sodoende word daar met minder woorde iets gesê. Ander voornaamwoorde word weer tydelik gebruik in die plek van inligting wat nog nie voorsien is nie. Die betekenis van die voornaamwoord kan normaalweg uit die situasie of die teks (wat gelees of waarna geluister word) vasgestel word. Soms is die betekenis van 'n voornaamwoord onbekend of algemeen.

*sy (= die meisie), jy (= Karien), dié (= Dawid) (het lekker geskinder), mekaar (= Karien en Pieter, Pieter en Karien), myne (= my tas), iemand* (= onbepaalde betekenis), *jy (moet respek vir ouer mense hê)* (= algemene betekenis)

## Tussenwerpsel

Tussenwerpsels kan menslike of dierlike geluide aandui, dit druk die spreker se emosies of houding uit, of dit skep 'n verhouding tussen die spreker en hoorder(s). Tussenwerpsels word op hulle eie gebruik, of hulle word as deel van 'n sin gebruik waar hulle met 'n leesteken van die res van die sinsdele geskei word. Tussenwerpsels is daarom nooit deel van die subjek (oftewel onderwerp) of die gesegde van die sin nie.

*tingeling, grrrrr, oe-la-la, aitsa, hallo, ja*

## Partikel

Partikels is woorde wat saam met 'n ander woord of selfs saam met 'n kombinasie van woorde gebruik moet word om 'n bepaalde betekenis oor te dra.

*te (warm), so (lelik soos die nag), (pa) s'n, (ek hou nie van spinnekoppe) nie*

## Werkwoord

Werkwoorde is woorde of kombinasies van woorde wat 'n manier van wees ('n toestand) aandui of 'n situasie wat gedurig verander en vorder ('n handeling). Dit sê ook iets oor die tyd wanneer of die wyse waarop die handeling plaasvind, en die tyd wanneer of die wyse waarop iemand in 'n sekere toestand verkeer.

*is, lyk, voel, hou aan, gooi op, hardloop, roep, wil, het*



## Adjektief

Adjektiewe word voor of ná 'n naamwoord, direk ná 'n voornaamwoord of ná werkwoorde soos *is* of *word* gebruik. Adjektiewe beskryf 'n saak (bv. 'n mens, dier of ding) wat aangedui word deur 'n naamwoord, 'n voornaamwoord of 'n sinsdeel waarin 'n naamwoord die belangrikste woord is.

*klein (nessie), (iets) anders, (die vertrek is) geel, (die toekoms,) onsienbaar (, lê nog voor)*

## Setsel

Setsels word gebruik om die verhouding (bv. ligging, rigting, afstand, besit, doel, ens.) tussen twee sake (bv. dinge, mense, plekke) in 'n sin aan te dui.

*(my penneblikkie) in (my skooltas), na (Pretoria) toe, (die diere) naby (die watergat), (die meisie) van (sy drome), (sy kom) op (besoek)*

## Bywoord

Bywoorde het verskillende gebruike:
Bywoorde word primêr saam met ander woordsoorte gebruik om iets oor te sê oor die tyd wanneer, die plek waar en die wyse waarop 'n handeling plaasvind, en om die intensiteit van iets aan te dui.
Sommige kere word bywoorde gebruik om die inhoud van 'n hele sin te verander deur die spreker/skrywer se oordeel te gee, of dit verander die inhoud van die sin deur dit ontkennend te maak.
Ander bywoorde lei 'n sin in wat 'n beskrywing gee van 'n sinsdeel wat voor die bywoord staan.

Ander kere skakel bywoorde onnodige herhaling uit. Sommige bywoorde word gebruik om vir die leser/hoorder te wys hoe die betekenis van dele van 'n teks (waarna geluister of wat gelees word) met mekaar verband hou, hoewel die gebruik daarvan nie verpligtend is nie.

*(is) baie (vinnig), (sing) mooi, (sal) dalk (hokkie speel), nie (bang nie), (die tyd) wanneer (ek netbal oefen), hiermee (= met die pen), buitendien*

## Naamwoord

Naamwoorde benoem iets: mense, denkbeeldige persone of sake, diere en plante, nielewende sake en plekke, massas, versamelings, sowel as abstrakte entiteite (soos siektes, sportsoorte, idees, gevoelens en aksies wat staties voorgestel word). Wanneer 'n sin verdeel word in dele wat saam hoort, en 'n naamwoord kom in een van die sinsdele voor, is die naamwoord die belangrikste woord van die spesifieke sinsdeel. Sinsdele waarvan 'n naamwoord die belangrikste woord is, word dikwels as die subjek (oftewel onderwerp) of die objek (oftewel voorwerp) van die sin gebruik.

*kind, aasvoël, vetplant, goud kilogram (meel), trop (skape), sokker, eensaamheid, liefde*

## Voegwoord

Voegwoorde verbind sinne, en hierdeur word vir die leser/hoorder presies aangedui watter verhouding tussen die sinne bestaan. Voegwoorde is nie deel van een van die twee sinne wat verbind word nie. As 'n mens die sinne wat verbind is, sou skei, het die voegwoord nie in een van die twee plek nie.

*want, omdat, en*

## Ander

Lees op VivA se Taalonderrigportaal meer oor die eksistensiële *daar*, klitiese vorme en woorde wat deur die proses van inkrimping gevorm word.

## Lidwoord

Lidwoorde word voor naamwoorde gebruik en dui aan of die naamwoord 'n onbekende, bekende of afwesige ding benoem.

*'n/die/geen/g'n (boek)*

**LEES MEER** oor woordsoorte op Taalonderrigportaal.